

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2016

# WISKUNDIGE GELETTERDHEID V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

*MLITA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye wat 2 ANTWOORDBLAAIE en 'n ADDENDUM wat 1 bladsy insluit.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE**

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Die vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. Gebruik die ADDENDUM vir volgende vrae:

   ADDENDUM A vir VRAAG 5.2

   ANTWOORDBLAD 1 vir VRAAG 2.2.2
   ANTWOORDBLAD 2 vir VRAAG 4.2.4

   Skryf jou naam in die spasies wat op die ANTWOORDBLAAIE voorsien is en handig dit in met jou ANTWOORDEBOEK.

3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. ŉ Goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) mag gebruik word, tensy anders aangedui.

5. ALLE berekeninge moet duidelik aangetoon word.

6. Rond ALLE finale antwoorde toepaslik af volgens die gegewe konteks, tensy anders aangedui.

7. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

8. Skryf netjies en leesbaar.

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1

*Vuka Rentals* is 'n maatskappy wat woonstelblokke besit. Elke woonstelblok het 3 vlakke (vloere) met 2 een-slaapkamerwoonstelle en 2 twee-slaapkamerwoonstelle op elke vlak.

- Huur vir die een-slaapkamerwoonstelle is R2 300 per maand insluitende water.
- Vir die twee-slaapkamerwoonstelle is die huur R3 200 per maand, uitsluitende water. Water word belas met 7,5% van die maandelikse huurkoste.
- Daar is 8 woonstelblokke altesaam.

Die maksimum aantal geregistreerde huurders is soos volg:

- 2 persone vir 'n een-slaapkamerwoonstel, en
- 4 persone vir 'n twee-slaapkamerwoonstel.

1.1 Bepaal hoeveel van elke tipe woonstelle daar is. (2)

1.2 Bereken die totale inkomste indien al die woonstelle uitverhuur is. (4)

1.3 Glenn is 'n universiteitstudent van Ghana wat 'n een-slaapkamerwoonstel huur. Hy kry 415 Ghanese Cedi as 'n geskenk vir sy verjaardag vanaf 'n vriend. Indien hy die geld gaan gebruik om sy huur te betaal, hoeveel sal hy nog nodig hê om sy huur vir een maand te dek (afgerond tot die naaste rand) gegee dat 1 Ghanese Cedi = 3,77 Suid-Afrikaanse Rand. (4)

1.4 Indien die besetting van die twee-slaapkamerwoonstelle na 93,75% afneem en die een-slaapkamerwoonstelle onveranderd op 100% bly, bereken die bedrag wat *Vuka Rentals* verloor. (4)

1.5 Indien daar in al 8 woonstelblokke 37,5% volwasse mense is, hoeveel kinders is daar in hierdie woonstelblokke? (5)

1.6 Die woonstelblokke is genommer vanaf BLOK A tot BLOK H, terwyl die woonstelle numeriese waardes het. Bereken die waarskynlikheid dat die nommer van 'n woonstel C1 sal wees. (2)

**[21]**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2

2.1 Klasuitslae vir Wiskundige Geletterdheid V1 vir die voorbereidende eksamen was soos volg:

65 79 **A** 98 **B** 68 90 76 84 102 132 121 **B** **B**




**Nota:** B verteenwoordig dieselfde waarde vir sommige kandidate en is nie die hoogste punt nie.

2.1.1 Gegee dat die omvang van die uitslae 78 is. Bereken die waarde van **A**, wat die minimumwaarde is. (3)

2.1.2 Die gemiddelde van die datareeks is 90. Bereken die modale waarde. (4)

2.1.3 Bereken die ontbrekende waardes (**$K_1$**; **$K_2$** en **$K_3$**) in die snor-en-baarddiagram. (6)

2.1.4 Vir dieselfde klas is die gemiddelde vir Wiskundige Geletterdheid V2 75. Vergelyk en lewer kommentaar oor die gemiddelde van die twee vraestelle. (2)

2.1.5 Bepaal die waarskynlikheid dat ŉ leerder in die onderste 25% sal wees. (2)

2.2 Lucy is ŉ onderwyseres wie ŉ matriekafskeid by ŉ sekere hoërskool beplan. Sy besoek twee plekke en word twee aparte pryslyste gegee wat soos volg uiteengesit is:

**Plek A:**

| | | |
|---|---|---|
| Plekbespreking | : | R1 500 |
| Spysenieringskoste per persoon | : | R150 |
| Platejoggie (DJ) | : | R1 200 |

**Plek B:**

| | | |
|---|---|---|
| Plekbespreking (insluitende DJ) | : | R1 300 |
| Spysenieringskoste per persoon | : | R220 |

Daar sal 55 leerders, 10 onderwysers en ŉ gasspreker wees wat die afskeid sal bywoon.

2.2.1 Bereken die verskil tussen die totale koste vir die huur van die twee plekke met die maksimum aantal persone wat die matriekafskeid bywoon. (5)

2.2.2 Op ANTWOORDBLAD 1 is ŉ reguit lyngrafiek wat die koste vir Plek A toon vir slegs die leerders geteken. Op dieselfde assestelsel, teken ŉ lyngrafiek vir die koste van Plek B vir slegs die leerders. (6)

2.2.3 Verduidelik die betekenis van die gelykbreekpunt in hierdie konteks en skryf die waardes daarvan volgens die grafiek neer. (3)

**[31]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

3.1 Sivu, 45 jaar oud verdien R368 450 per jaar. Hy dra maandeliks by tot ŉ mediese fonds vir homself en twee afhanklikes.

**2015/2016 Belastingjaar (1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016)**

| BELASBARE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERS (R) |
|---|---|
| 0 – 181 900 | 18% van elke R1 |
| 181 901 – 284 100 | 32 742 + 26% van die bedrag bokant 181 900 |
| 284 101 – 393 200 | 59 314 + 31% van die bedrag bokant 284 100 |
| 393 201 – 550 100 | 93 135 + 36% van die bedrag bokant 393 200 |
| 550 101 – 701 300 | 149 619 + 39% van die bedrag bokant 550 100 |
| 701 301 en meer | 208 587 + 41% van die bedrag bokant 701 300 |

| Belastingdrempel van toepassing op individue | Bedrag |
|---|---|
| Persone onder 65 jaar | R3 650 |
| Persone 65 jaar en ouer | R114 800 |
| Persone 75 jaar en ouer | R128 500 |

| Mediese fonds krediete (maandelikse bydrae) | Bedrag |
|---|---|
| Belastingbetaler | R270 |
| Eerste afhanklike | R270 |
| Addisionele afhanklikes | R181 |

3.1.1 Bereken die maandelikse belasting as ŉ persentasie van sy maandelikse inkomste deur van die belastingtabel gebruik te maak. (8)

3.1.2 Met die nodige berekeninge, verduidelik hoe sy belasting beïnvloed sou word indien hy 78 jaar oud was en dieselfde bedrag geld verdien het. (3)

3.1.3 Hy het R30 704,17 om vir 3 jaar te belê. Hy moet tussen twee opsies kies.

**Opsie**: Belê by ŉ instelling wat ŉ rentekoers van 6,9% enkelvoudige rente per jaar aanbied

**OF**

**Opsie 2**: Belê by ŉ bank wat ŉ rentekoers van 6% per jaar aanbied wat jaarliks saamgestel is

Toon met die nodige berekeninge hoe jy hom sal raad gee oor watter opsie die beste vir hom sal wees. (8)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.2 Sivu het ŉ nuwe geiser (geyser) vir sy woonstel nodig. Hy vind twee geisers wat soos volg geadverteer is.

| Model | Deursnit × lengte |
|---|---|
| 50 ℓ | 450 mm × 610 mm |
| 100 ℓ | 550 mm × 840 mm |

Jy mag die volgende formule gebruik:

Buite-oppervlak = $(2 \times \pi \times \text{radius} \times \text{lengte}) + (\pi \times \text{radius}^2 \times 2)$
Waar $\pi = 3{,}142$

Die geiser word hieronder geïllustreer en is nie volgens skaal geteken nie.




3.2.1 Sivu beweer dat as een geiser se volume dubbel die ander geiser se volume is, dan moet die buite-oppervlak ook dubbel wees. Deur gebruik te maak van die formule, bewys dat Sivu se bewering geldig is of nie. (8)

3.2.2 Indien die geiser wat hierbo geteken is, die 100 ℓ-model is, skryf die skaal wat gebruik is om die lengte van die geiser te teken in die vorm 1 : … (3)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4**

4.1 ŉ Amerikaanse familie, Mnr. en Mev. Jones besoek vriende in Johannesburg. Terwyl hulle in Johannesburg is, kry hulle inligting oor die Wildekus (*Wild Coast*) en besluit om ŉ vakansie by Keimond (*Kei Mouth*) in die Oos-Kaapprovinsie te bespreek.

By die Keimond kan jy ŉ bootrit vanaf die Keirivier na Qolora vir visvang onderneem, wat 10 km van die Keimond is.

INLIGTING:

- Huurkoste vir ŉ motor by Avis in Oos-Londen is R2 800 vir die naweek
- Akkommodasie by een van die oorde by die Keimond is R543 per nag per persoon wat deel (inboek Vrydag, uitboek Maandag)
- Keimondboot – Vervoer motors en mense oor die rivier teen R70 per motor vir ŉ enkelrit

Hierdie diens is nie in werking as die rivier in vloed is nie.



**LW:** Die afstand tussen Oos-Londen en Keimond is 86 km.

4.1.1 Hulle het om 08:00 by die Oos-Londense lughawe aangekom en het 3 uur en 45 minute in Oos-Londen spandeer. Hulle het na Keimond teen ŉ gemiddelde spoed van 90 kilometer per uur gery.

Wys deur middel van berekeninge of hulle betyds vir middagete om 12:30 by Keimond sal wees.

Jy mag die formule gebruik: **Gemiddelde spoed =** $\frac{\textit{afstand afgelê}}{\textit{tyd geneem}}$ (6)

4.1.2 Indien hulle ŉ motor van Avis huur en besluit om in Qolora vir twee dae te gaan visvang, sal hulle ŉ boot nodig hê na en vanaf Qolora vir die twee dae. Hulle meen dat 700 Amerikaanse dollars genoeg sal wees om die huur, akkommodasie en bootritte te dek. Gebruik berekeninge om hierdie bewering te ondersteun indien die wisselkoers tydens hulle vakansie 1 Amerikaanse dollar ($) = 14,391 Suid-Afrikaanse rand was. (6)

4.1.3 Daar is ŉ waarskuwing dat wanneer die rivier invloed is, sal daar geen bootritte wees nie. Wat is die rede hiervoor? (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 Mnr. Jones bestudeer 'n Suid-Afrikaanse tabel wat die geboortes en Vigs-verwante sterftes vir die periode 2002 tot 2014 toon.

| Jaar | Aantal geboortes | Aantal sterftes | Aantal Vigs-verwante sterftes | Persentasie Vigs-verwante sterftes |
|---|---|---|---|---|
| 2002 | 1 111 987 | 631 383 | 275 444 | 43,6 |
| 2003 | 1 117 024 | 667 902 | 313 477 | 46,9 |
| 2004 | 120 172 | 697 473 | 344 141 | 49,3 |
| 2005 | 1 122 148 | 716083 | 363 910 | 50,8 |
| 2006 | 1 125 755 | 694 227 | 343 194 | 49,4 |
| 2007 | 1 132 500 | 647 827 | 297 659 | 45,9 |
| 2008 | 1 141 468 | 617 202 | 257 504 | 41,7 |
| 2009 | 1 152 319 | 590 322 | 228 051 | 38,6 |
| 2010 | 1 163 629 | 578 953 | 213 864 | 36,9 |
| 2011 | 1 173 164 | 580 460 | 211 839 | 36,5 |
| 2012 | 1 184 867 | 575 546 | 203 293 | 35,3 |
| 2013 | 1 196 395 | 565 310 | 189 376 | 33,5 |
| 2014 | 1 207 711 | 551 389 | 171 733 | 31,1 |

4.2.1 Wat is die neiging in die persentasie Vigs-verwante sterftes vanaf 2007 tot 2014? Gee TWEE moontlike redes vir die neiging wat waargeneem is. (4)

4.2.2 Bereken die verskil in die aantal geboortes en die aantal Vigs-verwante sterftes vanaf 2006 tot 2014. (4)

4.2.3 Sinakho beweer dat die persentasie-toename in die aantal geboortes tussen 2013 en 2014 meer as 1,5% is. Wys deur middel van berekeninge, of die bewering geldig is of nie. (4)

4.2.4 Teken 'n kolomgrafiek om die persentasie Vigs-verwante sterftes te toon. Gebruik ANTWOORDBLAD 2 om 2002, 2005, 2007, 2009 en 2014 te illustreer. (5)

**[31]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 5

5.1 Avela is 'n timmerman (carpenter) wat 'n klein besigheid begin. Hy bou losstaande kaste soos aangedui in die prentjie (kaste is nie volgens skaal geteken nie).

**'n Prentjie van 'n alreeds geverfde kas**




**Kaste se afmetings:**

Voorkant: Lengte 80 cm × Breedte 72 cm
Agterkant: Lengte 80 cm × Breedte 72 cm
Kante: Lengte 72 cm × Breedte 54 cm
Deure: Lengte 71,6 cm × Breedte 39,7 cm
Bokant: Lengte 78 cm × Breedte 60 cm
Onderkant: Lengte 71,6 cm × Breedte 54 cm

**Materiaal benodig:**

| | |
|---|---|
| Kante | Melamien witbord 1 830 mm × 2 700 mm teen R390 per bord. |
| Agterkant | Masonite 1 200 mm × 2 200 mm teen R90 per bord |
| Deure | swart kersie-bord (afmetings is dieselfde soos melamien witbord maar die prys is R150 meer as melamien) |
| Onderkant | Melamien wit (dieselfde soos kante) |
| Bokant | Swart leiklip 3 400 mm × 600 mm teen R800 per bord |

Pryse van al die materiaal sluit BTW uit (BTW: 14%)

5.1.1 Verskaf 'n rede waarom die afmetings van die deure minder is as die voorkant van die kas. (2)

5.1.2 Indien hy 10 kaste maak, hoeveel borde van elke materiaal sal hy nodig hê? (10)

5.1.3 Avela het R6 000 begroot vir die aankoop van die material, insluitende BTW. Gebruik berekeninge om te bewys dat sy begroting genoeg sal wees. (6)

5.1.4 Hy stoor sy kaste tydelik in 'n stoorkamer met afmetings 3 m × 4 m. Deur berekeninge, wys dat die spasie groot genoeg sal wees om die 10 kaste te stoor (kaste kan nie bo-op mekaar gestoor word nie). (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

5.2 ADDENDUM A toon ŉ sitplekplan van ŉ teater in Londen. Bestudeer die sitplekplan en beantwoord die vrae wat volg.

5.2.1 By ŉ bepaalde verrigting was die teater $\frac{1}{3}$ vol uitsluitende 2 rystoelsitplekke. Inligting verkry op hierdie dag, was dat die verhouding mans tot vroue 2 : 3 was. Hoeveel mans het hierdie verrigting op hierdie dag bygewoon? (3)

5.2.2 Yolanda is met vakansie in Londen en wil ŉ kaartjie vir ŉ verrigting by die teater bespreek. Sy gaan met ŉ vriendin wat rolstoelgebonde is wat langs haar moet sit. Sy wil ŉ sitplek hê aan die linkerkant van die verhoog wanneer jy by Deur 3 ingaan. Skryf neer al die moontlike rye en sitpleknommers wat sy kan kies. (Sy is nie selektief oor die afstand vanaf die verhoog nie). (3)

5.2.3 Wat is die waarskynlikheid om ŉ sitpleknommer 25 of 24 in hierdie teater te kry? Skryf jou finale antwoord tot 3 desimale plekke. (3)

5.2.4 ŉ Paartjie bespreek kaartjies en word gesê dat die enigste twee beskikbare sitplekke om hulle langs mekaar te akkommodeer, is aan die regterkant van die verhoog as hulle by Deur 1 ingaan in die 12de ry vanaf die verhoog en in die tweede en derde posisie aan daardie kant. Gee duidelike aanwysigings vir hierdie paartjie na hulle sitplekke indien hulle die teater binnekom deur gebruik te maak van Deur 4 en noem ook hul sitpleknommers. (3)

5.2.5 Twee persone kom kyk na ŉ toneelstuk in die teater, met een versiende en die ander een bysiende. Die enigste beskikbare sitplekke is D11 en T12. Stel voor watter sitplek geskik vir elkeen van hierdie persone is. (3)

**[37]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

## ANTWOORDBLAD 1

**NAAM:**

**GRAAD 12:**

**Grafiek om die koste van onthaalplekke te toon vir verskillende aantal leerders**




Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## ANTWOORDBLAD 2

**NAAM:** 

**GRAAD 12:** 





Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## BYLAAG A

# DIE TEATER

DEUR 1 | N ↑ | DEUR 2

**Verhoog**

| Ry | Sitplekke |
|---|---|
| A | **17 16** 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 **2 1** |
| B | **19 18** 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 **2 1** |
| C | 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| D | 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| E | 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| F | 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| G | 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| H | 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| J | 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| K | 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| L | 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| M | 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| N | 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| P | 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| Q | 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| R | 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| S | 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| T | 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| U | 36 35 34 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 3 2 1 |
| V | **36 35 34** 33 32 31 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 21 19 18 17 16 15 14 13 12 11 10 9 8 7 6 5 4 **3 2 1** |

DEUR 4 | ■ Rystoel | DEUR 3

Kopiereg voorbehou

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com